


**Nehemia-reeks: 'n Deklarasie van afhanklikheid**

Nehemia 9:38 – 10:39

"Hulle het 'n dure eed afgelê om te leef volgens die wet van God..." *(Nehemia 10:29)*

**Inleiding:** Aan die einde van Nehemia 8 sien ons hoe God se Woord 'n geweldige uitwerking op die volk het. Hulle hoor die Woord, hulle verstaan dit, hulle word diep geraak en hulle vier die vreugde van die Here. Maar God se Woord vra altyd 'n antwoord.

Die volk se reaksie is: "Daarom..." Hulle sê: Omdat ons God se Woord gehoor het, omdat ons besef het hoe ver ons afgedwaal het, daarom verbind ons onsself weer aan God. Hulle teken 'n verbond. Hulle stel 'n deklarasie van afhanklikheid op.

Die volk het nie 'n verbond met God gesluit omdat hulle gedink het hulle is goed genoeg nie. Inteendeel. Hulle het eers in Nehemia 9 teruggekyk na hulle geskiedenis en erken: "In alles wat oor ons gekom het, was U regverdig; U het reg gedoen, ons verkeerd." *(Nehemia 9:33)*

Ware geloof begin wanneer ons eerlik voor God word. Maar die wonder van die evangelie is dat God ons nie wegstoot wanneer ons ons sonde raaksien nie. Hy herstel ons. Hy vergewe ons. En sy genade roep ons om nuut te leef. Ons gehoorsaamheid is nie 'n poging om God se liefde te verdien nie. Ons gehoorsaam omdat ons reeds sy liefde ontvang het.

Verskeie leierskapmodelle praat oor die prys van leierskap, die noodsaak van verandering, die hantering van uitdagings en die opbou van toewyding. In Engels word gepraat van die 4 "C's" naamlik Cost, Change, Challenge en Commitment. Dit help ons ook om die boek Nehemia te verstaan.

- **Cost – Koste:** Geen bouprojek gebeur verniet nie. Die herbou van Jerusalem het die volk iets gekos. Hulle moes tyd, energie en hulpbronne gee.

- **Change – Verandering:** Die muur het Jerusalem verander. Maar God wou meer doen as om net 'n stad te verander. Hy wou mense verander.
- **Challenge – Uitdaging:** Die volk moes kies om anders te leef. Hulle moes grense stel in hulle verhoudings, hulle besigheid en hulle aanbidding. Om God se mense te wees beteken soms dat ons keuses maak wat anders is as die wêreld rondom ons.
- **Commitment – Toewyding:** Die volk teken hulle name. Hulle sê: Ons behoort aan God. Hulle belowe: "Ons sal die huis van ons God nie verwaarloos nie" *(Nehemia 10:39).* God soek nie net ons handtekening op 'n papier nie. Hy soek ons harte.

Ek dink hierdie model pas uitstekend by Jesus se oproep tot dissipelskap:

- **Cost:** "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg" *(Markus 8:34).* Om Jesus te volg kos ook iets.
- **Change:** "As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping" (2 Korintiërs 5:17). Wanneer God ons ontmoet, laat Hy ons nie soos ons was nie.
- **Challenge:** "In die wêreld sal julle dit moeilik hê." (Johannes 16:33)
- **Commitment:** "Bly in My..." (Johannes 15:4)

Ware vryheid word gevind in afhanklikheid van God. Die wêreld vertel ons dat vryheid beteken om niemand nodig te hê nie. Maar die Bybel vertel 'n ander verhaal. Ware lewe word gevind wanneer ons volledig afhanklik van God leef. Jesus self wys dit vir ons. In die tuin van Getsémané bid Hy: "Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil" *(Matteus 26:39).* Die Seun van God maak 'n deklarasie van afhanklikheid aan sy Vader. En daardie afhanklikheid van Jesus bring vir ons redding.

**'n Persoonlike uitdaging vir hierdie week**: Die volk het hulle name op die verbondsdokument geplaas. Vra jouself af: Waar vra God my vandag om my lewe weer aan Hom toe te vertrou? Dalk gaan dit oor my tyd; my geld; my verhoudings; my prioriteite; my gehoorsaamheid. God vra nie net 'n besluit nie. Hy nooi ons om in 'n verhouding van afhanklikheid met Hom te leef.

**Kleingroepgesprek**

1. Waarom dink jy was die volk se reaksie op God se Woord nie bloot emosie nie, maar 'n konkrete verbintenis?
2. Wat beteken dit vir jou dat die volk eers God se genade onthou het voordat hulle hulleself toegewy het?
3. Van die vier C's (Cost, Change, Challenge, Commitment), watter een spreek jou die meeste aan op hierdie stadium van jou geloofsreis? Hoekom?
4. Die wêreld sien afhanklikheid dikwels as swakheid. Waarom dink jy leer Jesus ons dat ware vryheid juis in afhanklikheid van God gevind word?
5. As jy vandag jou eie "deklarasie van afhanklikheid" voor God sou skryf, wat is een area van jou lewe wat jy nuut aan Hom wil toevertrou?